# Pad na jou Hart

8 – 14 November 2026

**Reistog vir die siel**

Goeiedag!

Dankie vir jou inskrywing vir hierdie unieke stapervaring.

Hierdie is ‘n geleentheid om aan die voet van die Swartberge deel te wees van ‘n ontspannende staproete wat doelbewus minder uitdagend met korter dagafstande is.

Die sewedag/sesnag staptog geskied oor ‘n afstand van 52km.
Ons stap op grondpaaie aan die voet van die Swartberge. Alhoewel nie uitdagend nie, mag jy ‘n bult of twee teëkom wat jou asem effens kan laat jaag.

*Trauma* is ontleen aan die Grieks τραῦμᾰ, of traûma, wat letterlik *wond* beteken. Dit is emosionele wonde wat weens erge onaangename gebeure veroorsaak is, dit verg ook heling. Anders as die heling van fisiese wonde is die pad na herstel in hierdie geval meestal veel meer kompleks.

Johan Kloppers, ‘n ervare professionele berader wat o.a. die slagoffers van amper 400 plaasaanvalle enduit bygestaan het, is die begeleier.

Johan gaan intieme groepsessies fasiliteer. Die doel is om 'n gevoel van gemeenskap met medestappers en hul ondersteuning vir mekaar te bevorder, terwyl jy die verband tussen jou liggaam, gees en emosies verken. Hierdie sorgvuldig saamgestelde ervaring beklemtoon die unieke belewenis van trauma deur elkeen.

Alle kostes tydens die staptog is ingesluit. Verskeie geestelik betekenisvolle besoekpunte is ingesluit. Die pad teenaan die Swartberg kronkel langs asemrowende natuurskoon en is op sigself helend vir liggaam en gees.

Jy moet asb vooraf enige allergieë aandui. Daar word ongelukkig nie vir vegans voorsiening gemaak nie, maar vegans is welkom om hul kos te bring en ons sal help met die voorbereiding waar moontlik. Vegetariërs kan gerus wees dat daar genoeg groente en vrugte as bykosse bedien word om in hul behoeftes te voorsien.

**INGESLUIT:**
7 dae en 6 nagte aan die voet van die Swartberge met:

- Bagasie word tussen oornagbestemmings vervoer
- Verblyf in 'n hotel en in 'n bergoord en op 'n werkende plaas
- Alle etes vanaf aandete op dag 1 tot en met ontbyt op dag 7
- Koffie, tee, beskuit.
- Waterpunte om bottels te hervul
- Professionele begeleiding.

---

**UITGESLUIT:**

- Peuselkos
- Drinkgoed
- Swemhanddoek
- Vervoer en vervoerkoste na en van Oudtshoorn.
- Vervoerkoste indien ons jou op die lughawe in George kom haal en weer terugneem.
- Mediese- en reisversekering

---

**MAAK JOU REG VIR:**

- wonderskone natuur
- stap naby aan die aarde
- vars lug
- tyd vir refleksie, rus en foto's neem.
- die Sterreprag van die Klein Karoo
- 'n reis deur jou binnelandskap

Hierdie is 'n reistog wat jou op soveel vlakke sal baat en lank sal bybly.

---

**KOSTE:**

- Die koste van die staptog beloop R10 500.00 per persoon wat deel.
- 10% nie-terugbetaalbare deposito (R1 050.00) van die totale besprekingsfooi bevestig jou bespreking.
- Afbetaling van die balans in gereelde maandelikse betalings. Reël asb. met - admin@kleinkaroocamino.co.za

- Die totale fooi is betaalbaar voor of op 8 Oktober 2026.
- Indien die totale fooi nie op 8 Oktober 2026 ontvang is nie, word die bespreking sowel as betalings verbeur.

---

**KANSELLASIEBELEID:**

- Kansellasie: verbeur 10% deposito van die totale fooi.
- Op of na 8 Oktober: verbeur deposito asook 50% van die balansbedrag.
- 14 dae voor die aanvangsdatum van die staptog: verbeur 100% van die totale fooi.
- Geen opwagting, laat aankoms of vroeë vertrek, verbeur alle voordele.

Die staptog is onderhewig aan ‘n minimum van 15 gaste.

---

**REGISTRASIE:**

Die registrasievorm word aanlyn op ons webwerf voltooi. Stuur asb ‘n bewys van jou depositobetaling aan - bank@kleinkaroocamino.co.za

Sodra die registrasievorm en deposito ontvang is, is die bespreking bevestig.

Ons sien uit om jou te ontvang en saam met jou die Klein Karoo Camino te beleef. Ons glo dat hierdie ‘n verrykende ervaring saam met ons sal wees en dat jy met nuwe drif jou pad verder sal aanpak.

Okkie Fourie
operations@kleinkaroocamino.co.za
www.kleinkaroocamino.co.za
0712091977